

## SESSIE 7

### GESKIEDENIS:

## PANEELBESPREKING OOR ARMOEDE GEDURENDE DIE 1930'S

**“Die nuwe Groot Trek – Suid-Afrika se noodroep en die antwoord daarop”:  
D.F. Malan se invloed as kulturele nasionalis op die vestiging van die  
armblankevraagstuk as ’n volksaak**



Charl Blignaut, Departement Geskiedenis,  
Noordwes-Universiteit

#### **Opsomming:**

Die 1930's is gekenmerk deur die georganiseerde en grootskaalse nasionalistiese mobilisasie van die Afrikaner. In die geledere van nasionaliste is alle fasette van die Afrikanersamelewing, ook armoede, deur die lens van kultuur beskou. Sentraal tot hierdie proses was die kulturele entrepreneur – politici, onderwysers, dominees, akademici, joernaliste, digters en skrywers wat die selfdefiniëring en eiening van Afrikaneridentiteit op hulself geneem het. J. Hutchinson verwys na hierdie soort kulturele nasionaliste as morele en sosiale innoveerders wat 'n “herontdekking” van die verlede inspan om moderne vraagstukke op te los.

Die 1930's was nie net 'n dekade van doelbewuste mobilisasie nie, maar in die jaar 1938 het die “volksgevoel” onder Afrikaners ook spontaan uitdrukking gevind in die geesdriftige wyse waarop die honderdjarige herdenking van die Groot Trek gevier is. Dit het afgespeel teen die agtergrond van die modernisering van Suid-Afrika. Nasionaliste het teruggekyk na die verlede

met die oog op die toekoms deur 'n evolusionêre historiese visie in te neem ten einde moderne vraagstukke – soos stedelike armoede – op te los. Die verlede is aangepas vir tydgenootlike uitdagings, wat aanvaarde betekenis van tradisie en moderniteit getransformeer het – en dit as't ware dieselfde gemaak het. Dit is hierdie transformasie wat spreek tot die kern van sosiale en morele innovasie wat die volk uiteindelik oortuig het om deel te neem aan die nasionale projek wat die oplos van die armbankevraagstuk ingesluit het.

D.F. Malan – kulturele entrepreneur *par excellence* – het die armbankevraagstuk beskou as een van die grootste uitdagings wat die Afrikaner in die gesig gestaar het. In 1917 het hy in *De Burger* 'n groot betoog gelewer in sy artikel, *De achteruitgang van ons volk. De oorzaken daarvan en de redmiddelen*, vir die samekoms van alle elemente van die samelewing om die agteruitgang in die kiem te smoor. Hierdie studie analiseer die uiteindelijke sukses van die kulturele entrepreneurs om die volk in gees saam te snoer agter die oplos van Afrikanerarmoede. Daar word gefokus op die inhoud van Malan se toespraak by Bloedrivier op 16 Desember 1938, *Die nuwe Groot Trek: Suid-Afrika se noodroep en die antwoord daarop*, wat die armbankevraagstuk aanspreek. Dit reflekteer Malan se transformerende en innoverende historiese visie gerig op verstedeliking en gepaardgaande armoede.

#### **Kort CV:**

**Charl Blignaut** is 'n lektor in Geskiedenis aan die Fakulteit Geesteswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Hy het in 2012 die graad MA in Geskiedenis verwerf aan die Noordwes-Universiteit en het sedertdien vyftien geakkrediteerde akademiese artikels in nasionale en internasionale joernale gepubliseer. Hy is tans ingeskryf vir sy PhD in Sosiale Wetenskappe met Geskiedenis.

Sy navorsingsbelangstelling lê hoofsaaklik by Afrikanergeskiedenis gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu. Sy navorsingsfokusse sluit die geskiedenis van die Ossewa-Brandwag, Afrikanervrouegeskiedenis en Afrikanernasionalisme in. Hy spesialiseer tans in emosiegeskiedenis as teoretiese paradigma waardeur hy op verklarende wyse na die subjektiewe beleving van Afrikaners tydens die 1938 Voortrekker Eeufees kyk. Sy proefskrif, "Afrikanerhartstogte: 'n Historiese analise van 'vaderlandsliefde' gedurende die 1938 Voortrekker-Eeufees", is 'n interdisiplinêre studie wat gebruik maak van kognitiewe, sosiaal-konstruktionistiese en analitiese sielkunde om die manifestasies van emosie tydens die Eeufees te verklaar.

\*\*\*\*\*

## Die ontbossing van die boscense: Die Carnegiekommissie en die verplasing van die Knysnahoutkappers



Liesel Grobler, Departement Geskiedenis,  
Noordwes-Universiteit

### Opsomming:

Die Knysnahoutkappers het 'n groot bydra gelewer tot die ontwikkeling en uitbreiding van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die algemene ekonomiese groei die vroeë twintigste eeu se industriële uitbreiding het 'n toenemende mark vir hout verseker. In 1929 het die Groot Depressie Suid-Afrika getref en saam met die uitgerekte droogtes van die 1930's het die ekonomie 'n groot terugslag beleef. Die houtbedryf moes natuurlik die gevolglike skommeling hanteer, maar daar was altyd, hoe beperk ook al, die vraag na spoorwegslapers om op terug te val. Tog was die houtkappers in dieselfde kategorie geplaas as niewerkende armlankes, en is deur die regering en die outeurs van die Carnegiekommissie gesien as 'n groeiende probleem ten spyte van hulle aandeel in die ekonomie te midde van swaar tye.

Die uitbeeld van die houtkappers sê baie oor die motiewe agter sosiale beleid waar die "verdienselike armes" en die "onverdienselike armes" in twee ekstreme kategorieë geplaas is. Eksterne redes soos stakings op die Rand het bygedra tot die term "gevaarlike klasse", wat 'n motivering vir die verplasing van armlankes van die Rand na die Knysnastreek. Onafhanklike houtkappers is na dieselfde dorpie verskuif wat groot ontwrigting in houtkappers se persoonlike lewens veroorsaak het. Amptelik is die bosbounederssettings as die ideale omgewing beskou vir die "rehabilitasie" van "verkeerde" en "breekagtige" elemente aan die Rand. Volgens die outoriteite het die houtkappers deel gevorm van die oorgrote armlankeprobleem gedurende die 1930's. Daar was verskillende en soms oorvleuelende kategorieë van armlankes in die bosstreek. Die klassifisering van armlankes het sosiale beleid beïnvloed wat soms onmenslik in praktyk gemanifesteer het.

Hierdie studie evalueer die komplekse verhouding tussen die regering, die Carnegie-kommissie en die Knysnahoutkappers. Die sosiale en ekonomiese faktore wat bygedra het tot

die ekstreme armoede van die Knysnahoutkappers word bespreek. Die regering en die Carnegiekommissie se bydrae tot die verplasing van die houtkappers na dorpies soos Jonkersberg en Karatara, en die sosiaalmaatskaplike impak hiervan op die houtkappers, word geanaliseer. Hoe die outoriteite se klassifisering van die houtkappersbeleid en aksie beïnvloed het word ook onder die vergrootglas geplaas.

**Kort CV:**

Liesel Grobler is tans besig met haar meestersgraad in Geskiedenis aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Sy het haar BSocSci in Geskiedenis en Antropologie in 2020, en haar BA Honneurs in Geskiedenis (*cum laude*) in 2021 verwerf. Sy was betrokke by die NWU se Skryfsentrum en het opgetree as tutor vir voorgraadse modules van historiese teorie en metodiek.

Haar honneursskripsie was getiteld “Die arbeidskonteks, identiteit en agentskap van swart verpleegsters in Suid-Afrika, 1932 tot 1957” waar sy gelet het op die veranderende wetlike konteks rondom die opleiding van swart verpleegsters en hoe die gesondheidsbehoefes binne die tuislande, en onder swart gemeenskappe, deur die owerhede aangespreek was. Die impak van die besluite van die 1932 Bloemfonteinse konferensie oor die “opleiding van nie-Europese verpleegsters” het haar belangstelling in die effekte van amptelike beleid op die gewone mens aangevuur.

Haar meestersverhandeling analiseer die motiewe agter die Carnegiekommissie se tiperings van die houtkappers van Knysna as deel van die “ongewenste elemente” onder die arm wit bevolking wat verreikende betekenis ingehou het vir die persoonlike kontekste van die werkersklas. Liesel het ook ’n besondere liefde vir die skrywes van Dalene Matthee wat as groot inspirasie vir haar huidige studie dien. Sy is vasberade om geskiedenis as loopbaan aan te pak.

\*\*\*\*\*

## Die mag van 'n idee in armoedeverligting: Die diskoers van “vooruitstrewendheid” in die opheffing van die armlankes gedurende die 1930's



Suné Kleynhans, Departement Geskiedenis,  
Noordwes-Universiteit

### Opsomming:

Die 1930's was gekenmerk deur groot sosio-ekonomiese uitdagings in die Afrikanerdom. Die vinnig veranderende samelewing, veral binne die konteks van verstedeliking, het ook tot groot eksistensiële onsekerheid gelei. Hierdie omstandighede het uitgeloop in 'n nasionalistiese poging om Afrikaners as volk op te hef wat gekenmerk was deur die betrek van armlankes as agente van vooruitgang. Opvoedkundige, kulturele en maatskaplike inisiatiewe is deur nasionaliste beskou as van die vernaamste maniere om die Afrikaners op gelyke vlak as dié van hulle Engelse eweknieë te kry. Onderliggend aan hierdie pogings skuil die idee, identifiseerbaar in massas primêre dokumente verbonde aan die tema, wat as “vooruitstrewendheid” bestempel kan word.

Vooruitstrewendheid verwys na 'n poging om progressief te wees en konstante vooruitgang en verbetering na te streef. Dit omsluit 'n ingesteldheid soortgelyk aan ambisie; 'n dryfkrag wat “vorentoe” gerig is. Dit verwys na 'n mentaliteit en gees, 'n abstrakte idee, van die Afrikaner om homself uit die knegskap van armoede te lig en 'n waardige identiteit te skep. Dit is die ingesteldheid om, ten spyte van uitdagings, hulle ekonomies en maatskaplik te “red” en terselfdertyd die Afrikaner as volk te bou. Die ophef van die armes onder die volk in die 1930's staan in noue verband met die idee van vooruitstrewendheid wat die kweek van 'n spesifieke houding onder Afrikaners veronderstel het – met selfvertroue as doelwit. Geen maatskaplike poging om die armlankevraagstuk op te los sou slaag sonder die samebindende invloed van hierdie Afrikanernasionalistiese idee nie. Dit is belangrik, want dit het *persoonlik* met die individu gepraat en aangespoor tot aksie gebore uit hoop.

Hierdie studie evalueer die diskoers van vooruitstrewendheid onder prominente Afrikanernasionaliste in die 1930's en analiseer die effek daarvan op die oplos van die armblankevraagstuk. Praktiese middels tot armoede-opheffing alleen skets nie die volle prentjie van armoedeverligting onder die Afrikaners nie. Dit is van belang om op genuanseerde wyse na hierdie verskynsel te kyk wat veronderstel dat onderliggend tot die opheffingspogings daar 'n idee met kulturele koopkrag geskuil het. Hierdie studie belig die belang van sosiale en morele innovasie in die oplos van armoede binne die konteks van grootskaalse veranderinge in die samelewing.

**Kort CV:**

Suné Kleynhans het haar BA in Erfenis- en Kultuurtoerisme (*cum laude*) in 2020 verwerf. Sy is tans besig met haar BA Honneurs in Geskiedenis. Sy het verskeie akademiese studenteposte beklee en is een van die Vakgroep Geskiedenis van die Noordwes-Universiteit se topstudente.

Haar navorsingsbelangstellings sluit hoofsaaklik sosiale- en kulturele geskiedenis in en sy het 'n lewenslange liefde vir antieke geskiedenis. Haar huidige navorsing is toegespits op Afrikanergeskiedenis wat fokus op die invloed van Afrikanernasionalisme en historiese bewussyn op die konstruksie van Afrikaneridentiteit gedurende die vroeë twintigste eeu. Haar skripsie getiteld "'Stilstand beteken agteruitgang!': Die Afrikaner-idee van vooruitstrewendheid gedurende die 1938 Voortrekker Eeufees" speur die ontwikkeling van 'n kragtige idee na wat gemanifesteer het in Afrikanernasionalistiese diskoers, praktyk en ikonografie wat die trajektorie van Afrikanergeskiedenis onherroeplik beïnvloed het.

Suné wil haar studies in geskiedenis voortsit ná haar honneurs en uiteindelik haar doktorsgraad in Geskiedenis verwerf. Haar universiteitsloopbaan het in haar 'n liefde vir akademiese onderrig ontwikkel wat saam met haar passie vir navorsing meegewerk het tot haar besluit om die beroep van 'n historikus na te streef.

\*\*\*\*\*

## Armoede en identiteit: Die sosiale verantwoordelikheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk teenoor armblanke Afrikaners, 1929 tot 1939



Bronwynn van Tonder, Departement Geskiedenis,  
Noordwes-Universiteit

### Opsomming:

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) het gedurende die 1930's 'n sentrale rol gespeel in die Afrikaner se sosiale, politieke en ekonomiese kontekste. Die armblankevraagstuk was die grootste maatskaplike kwessie binne die Afrikanerdom gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu. Dit het veral 'n kardinale rol gespeel in die aanvang van Afrikanernasionalisme wat die wisselwerking tussen armoede en politiek belig het. Die NGK was van die eerste instansies wat die sosiale verantwoordelikheid aanvaar het om die armblankevraagstuk op te los, lank voor die politisering van die probleem.

Die fokus van hierdie studie bied onder meer 'n verduideliking van waarom die NGK 'n opregte verantwoordelikhedsin teenoor die armblanke ervaar het. Die standpunt is ingeneem dat "as die armblanke ly, so ook ly die kerk". Alhoewel die NGK die armes wou ophef, wou hulle nie die tipe maatskaplike welsyn bied wat die armblanke afhanklik van enige buite-instansie sou maak nie. Die doel was om "onse armes" te *rehabiliteer* by wyse van arbeidskolonies of besproeiingsnedersettings en sterk opvoedkundige ondernemings. Interessant genoeg het hierdie op die oog af suiwer maatskaplike oplossings groot politieke implikasies ingehou, verwant aan Afrikanernasionalisme. Dit het die sterkste deurgeskemer in Vader Kestell se weskroep "n volk red homself" wat gesien was as die enigste weg uit die Afrikaner se sosiale, ekonomiese en maatskaplike verknogtheid.

Die studie let in besonder op die samekoms van die kerk se spirituele verantwoordelikheid (as deel van sy sosiale verantwoordelikheid) wat opgegaan het in die sosiale kosmologie van Afrikanernasionalisme. Die opheffing van die armblanke was nou verbonde aan die konstruksie van Afrikaneridentiteit in lyn met die kerk se plek binne die nasionalistiese

mobilisering van die Afrikaner gedurende die 1930's. 'n Analise van die leitmotiewe in gesange, die vertaling van die Bybel in Afrikaans en die beduidende rol van die Calvinistiese werksetiek dui op hoe verstrengel die kerk se "tradisionele rol" met Afrikanernasionalistiese doelwitte was. Die diep interkonneksie tussen kerk en samelewing word evalueer deur die feit te belig dat die oplossings gebied vir armoede nooit los van identiteit staan nie.

**Kort CV:**

Bronwynn van Tonder het haar BSocSci in Geskiedenis en Sielkunde in 2020 verwerf en het haar BA Honneurs in Geskiedenis (*cum laude*) in 2021 voltooi. Sy is verbonde aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit en is tans besig met haar meestersgraad in Geskiedenis. Sy is toegewyd om die pad van 'n professionele historikus te stap.

Die tema van haar honneursskripsie was "'Upliftment' and Afrikaner nationalism: The social responsibility of the Dutch Reformed Church in Afrikaner society, 1929 to 1939". In hierdie studie het sy met 'n klem op die kerk se kulturele rol 'n eiesoortige definisie van die kerk se sosiale verantwoordelikheid gebruik om die verbintenis tussen die NG Kerk en Afrikanernasionalisme gedurende die 1930's uit te wys.

Haar meestersverhandeling span 'n multidissiplinêre metodiek in waar die nuutste sielkundige teorieë oor sosiale trauma ingespan word om die effekte van die Anglo-Boereoorlog en Milnerisme op die Afrikaners gedurende die tydperk 1902 tot 1910 te peil. Bronwynn is baie passievol oor hierdie projek aangesien die diep seer onder Afrikaners – veroorsaak deur Britse heerskappy ná die Anglo-Boereoorlog – steeds 'n stilte is wat nog nooit op 'n verklarende wyse aangespreek is nie. In die gees van hierdie sentiment skryf sy ook haar verhandeling in Afrikaans.

- ❖ **Bespreking van die referate en vrae aan die referente vind op 16 September 2021 om 14:00 tot 17:00 plaas.**